# Die Kruin-o-gram

Uitgawe 2 08 November 2020

## Matteus 20:20-26

Toe die ma van Johannes en Jakobus vir Jesus vra of haar twee seuns eendag aan Sy regterhand en linkerhand mag sit, sê Jesus vir hulle dat hulle nie weet wat hulle vra nie. Hy vra hulle of hulle bereid is om die lydensbeker te drink wat Hy gaan drink (vers 22). Ek hulle antwoord “ons kan”. Vinnig antwoord hulle omrede as hulle die beloning kan ontvang om aan Jesus se regter- en linkerkant te sit, is hulle daartoe bereid.

En soos ons weet het hierdie twee dissipels gely, en Jesus het dit geweet. Hy weet dat Jakobus vir sy geloof doodgemaak sal word (Handelinge 12:2) en dat Johannes na Patmos verban sal word (Openbaring 1:9). Maar om aan Sy linker- of regterhand te sit, daaroor besluit Jesus nie, dit is net sy Vader wat dit kan besluit (vers 23).

Die ander dissipels wat erg verontwaardig deur hierdie versoek van Sebedeus se vrou. Hoekom was hulle ongelukkig? Omdat hulle ook te veel nagedink het oor die loon wat hulle gaan ontvang. Jesus gaan vêrder in vers 26 deur te sê dat elke persoon in die dissipelkring (“elkeen wat in julle kring”) wat groot wil wees eers ’n dienaar behoort te word. Dit was die geval met Jesus self. Hy het nie na die wêreld gekom om gedien te word nie, maar om te dien; om Sy lewe af te lê sodat ons by God kan uitkom.

Dit is net menslik om in beheer te wil wees, om die beste vir onsself te wil hê. Maar dit is nie hoe dit in die koninkryk van God werk nie. Hier moet ons bereid wees om onsself te verloën en God te volg, om ’n dienaar te wees.

Dus die uiters belangrike vraag wat hierdie teksgedeelte vir elkeen van ons aan ons vra: Waarom dien ons vir Jesus? Net vir ’n loon? Of dien ons Hom nederig-dankbaar vir Sy onverstaanbare en onuitspreeklike liefde en genade?

## Liturgie

### Verwelkoming

Gebruik gerus hierdie tyd om jouself geestelik te fokus en te nader tot God.

### Votum & Seëngroet

'n Uitroep oor die karakter en identiteit van die Here wat ons dien.
- O Jesus kom tog nader -

### Loflied

- Heilig, heilig, heilig (LB 169) -

### Skriflesing en Oordenking

- Matteus 26:36-46 -

### Wil van die Here (Wet)

- Psalm 39 -

### Skuldbelydenis

- Efesiërs 6:12-13 -

### Vryspraak (Genadeverkondiging)

- Finale jaars gaan vorentoe -

### Geloofsbelydenis

- Belydenis aflegging-
- O fontein van lewenswater -

### Seën en Amen

Ons word gegroet met 'n seënbede waarop ons antwoord met 'n amen.
- Amen (LB 315) -

# Delf dieper

## Die wildernis in - Ken jou plek

### 1) Na mekaar:
1. Hoe gaan dit?
2. Wat beteken die uitdrukking, ‘ken jou plek’?

### 2) Na God:
1. Lees Matteus 20:20-26

a. Wat val jou op? Wat in die gedeelte raak jou hart?
b. Watter vrae maak hierdie gedeelte in jou wakker?

2. Wat sou jy sê is die lydingsbeker?
3. Dink jy Jakobus en Johannes was arrogant, hoekom?

### 3) Na mense:
1. Kyk in jou lewe waar jy soek na aansien. Is dit goed of sleg? Wat dink verwag Jesus van ons?




https://youtu.be/sfaTEA4z4fQ




https://youtu.be/qfz8vWzhHS0

# JY IS NIE BELANGRIK NIE

## Matteus 20:20-26

Wanneer jy die opskrif lees klink dit seker vir jou vreemd, maar kom ons lees bietjie verder om uit te vind wat daarmee bedoel word. Gaan lees eers hierdie week se gedeelte in die Bybel. Klink dit miskien vir jou bekend? Ons het hierdie gedeelte vroeër in die jaar ook gedoen, maar in Markus. Ons het toe gekyk na wat dit beteken om te dien of om diensbaar te wees. As jy nie mooi kan onthou nie, gaan kyk na 12 Julie se Kruin-o-gram.

Vandag kyk ons na om te fokus op God.

Dit gebeur baie keer dat ons so op onsself fokus dat ons sommer van God vergeet. Maar dit is belangrik om te onthou dat God altyd die hoof fokus moet wees in jou lewe. Dit is hoekom die opskrif is “jy is nie belangrik nie”.

Natuurlik is jy belangrik, maar God moet altyd die belangrikste ‘ding’ wees in jou lewe, nie jyself nie. Jy moet besef dat God soveel groter is as alles in jou lewe en daarom is dit belangrik om Hom altyd eerste te stel. Ons moet fokus op God.

Omdat jy so belangrik is vir God en omdat Hy jou so liefhet, moet ons Hom ook baie liefhê. Jy moet elke dag, wanneer jy wakker word, vir God vra om jou gedagtes, dit wat jy dink, op Hom te fokus.

Fokus vandag, en elke dag op God. Dit is die belangrikste ding om te doen.

Kleur nou die volgende prentjie in:



## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 01 November** | |
| Lizelda de Wet | 079 883 8919 |
| Leah Scholtz | |
| | |
| **Dinsdag 03 November** | |
| Abigail Ellis | |
| Elize Venter | 082 492 4986 |
| | |
| **Woensdag 04 November** | |
| Elise Putter | 083 339 6513 |
| Willie van der Vyver | 012 804 3197 |
| Jurgens van Dyk | 082 550 2396 |
| | |
| **Donderdag 05 November** | |
| Yolandi Delport | 073 918 6579 |
| Werner Schnetler | 012 804 6183 |
| | |
| **Vrydag 06 November** | |
| Andre Jooste | |
| Susan Raschke | 012 804 0263 |
| | |
| **Saterdag 07 November** | |
| Sonika van der Westhuizen | 012 804 4373 |
| | |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

**Webtuiste:**
**silvertonkruin.com**

**Facebook:**
**@Silvertonkruin**

**Instagram:**
**@Kruinjeug_ng**

**Youtube:**
**www.youtube.com/c/Silvertonkruin**

**Kerkkantoor:**

**Telefoon: 012 804 3577**
**Faks: 086 545 7151**
**e-posadres:**

**admin@silvertonkruins.co.za**

**Kerkkantoor ure:**
**Maandae - Vrydae 09:00 - 13:00**

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard - Maxie Laubscher
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen - Susan Bianchina

**GESONDHEID**
Tienie Wessels - Nic Visser - George Coetzer
Charles Du Plessis (ICU Wilgers)

**OPERASIES**
Sonia-Marié Kleynhans (Skouer 26/10/2020)

**AFSTERWE**
Christel Hanson se Moeder is oorlede

**SWANGERSKAPPE**
Beyers en Liezel Slabbert

**GEBOORTES**
Mariska en Ruan Auret - Logan (18/09/2020)
Hannes van Deventer se klein niggie, Emily

**ONS BID OOK VIR**
'n Egpaar in ons gemeente met ernstige huweliksprobleme
die Matriek eindeksamen




